



# Hoofstuk van die dag: Esegiël 44

*Hierdie poort moet toe bly, dit moet nie oopgemaak word nie en niemand mag daardeur gaan nie, want Ek, die Here, die God van Israel, het daardeur gekom; die poort moet toe bly. (Eseg 44:2)*

Die oospoort van die tempelkompleks is die poort waardeur die Here die tempel ingekom en met sy magtige teenwoordigheid gevul het (43:1-5). Dié poort was nie net verbode vir mense om daardeur te gaan nie; dit moes toe bly, want dit was net vir God se gebruik.
Die feit dat God beveel dat die poort toe moet bly, beteken ook dat Hý dit nie weer gaan nodig hê nie, want Hy gaan nie weer sy mense verlaat nie. Hy het na die tempel gekom om te bly.
Slegs die regeerder mag in die poortgebou gaan sit om in God se teenwoordigheid te eet, maar die poort self mag hy nie gebruik nie (44:3). Israel het immers net Een wat oor hulle heers en die wag hou, en dit is die Here God. Net Hy word in die tempel gedien en niemand anders nie. Die ou gebruik dat die koning se paleis aan die tempel vas was, is nou opgehef (43:8).
Die Here is altyd by ons. Ons kan ons in sy blywende teenwoordigheid verheug.

## Onlangse Bydraes


- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob


## Argief


Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026